*Vakdidaktiek: Geskiedenis vir die Primêre Skool deur S.P. Jordaan, J.M. Vivier, C.J. Barnard en M.A. Schutte, De Jager-HAUM, Pretoria, g.d. Register, 177pp. Prys: R8,50.*

Met die publikasie van dié werk het die skrywers hulle dit ten doel gestel om 'n leerboek vir studente in Geskiedenisvakdidaktiek aan Onderwyskolleges daar te stel.

Die werk is in 'n elftal belofteryke hoofstukke verdeel en sny werklik 'n breë spektrum van Geskiedenisonderrig aan. Onderwerpe soos vakbeleid, werkskemas en verslag; die lesskema; lesvoorbeelde; die geskiedenislokaal en onderwysmiddels; plaaslike geskiedenis; werkopdragte en biblioteektake; kaartwerk; en meting, toetsing en evaluering word behandel.

Die skrywers toon flitse van insig in die problematiek van Geskiedenisonderrig wat toenemend in die spervuur staan. Ongelukkig moet dit dadelik gesê word dat die ver-

skyning van dié publikasie nie daartoe sal bydra om die onderrig van Geskiedenis uit hierdie onbenydenswaardige posisie te kry nie. Daarvoor is die werk nie genoegsaam vakdidakties begrond nie, veral daar waar dit om die didakties-pedagogiese onderbou van die onderrig gaan. Die hoofstuk wat om die Geskiedenis en die leerlinge in die primêre skool handel, dring nie werklik deur tot 'n pedagogiese wesenskou van die kind-in-opvoeding vanuit 'n geskiedenisvakdidaktiese perspektief nie. In dié verband is die ontbreking van die werkie van Pamela Mays, **Why teach history?**, 'n groot leemte in die bibliografie aan die einde van die betrokke hoofstuk.

Die vernuwingsgedagte in die geskiedenisonderrig waaroor o.a. dr. Johan Olivier reeds pragtige artikels in **Die Unie** en **Gister en Vandag** die lig laat sien het (vergelyk ook die lofwaardige werk van die **Schools Council History Project),** kom nêrens ter sprake nie. Die geskiedenis-as-speurtog ontbreek in sy geheel. Dit is jammer, want die skrywers konkludeer reeds op p. 1: "Alhoewel 'n algemeenomvattende definisie van Geskiedenis nie bestaan nie, is historici dit eens dat Geskiedenis die **beskrywing van die verlede** is." (Eie kursivering). Selfs in die funksionaliseringsfase wat by die lesvoorbeelde behandel word, word die voltooiing van skryfbordskemas feitlik sonder uitsondering as enigste funksionaliseringsoefening gesien. Voorbeelde van die "beskrywing van die verlede" ontbreek kennelik. Die verwagting is tog dat leerlinge juis onder die leiding van die onderwyser hierdie speurtog sal moet kan aanpak. Boonop is die lesvoorbeelde self voorbeelde van lesse waar die leerlinge se luistervermoëns oorspan, en waar hulle ook nog aan die vertelvermoëns van die onderwyser uitgelewer word.

Waar dit om vaardigheidsverwerwing gaan, word daar wel vaardighede genoem, maar onses insiens nie genoegsame leiding in die verwerkliking hiervan gegee nie. Wat is bv. 'n klasgesprek? Hoe word tot 'n sintese gekom? Hoe word geselekteer en gerangskik? Hoe word beskryf? Beoordeling van historiese persoonlikhede en vergelyking van sodanige persoonlikhede of selfs omstandighede is aan die ander kant weer vaardighede wat ontbreek? In die lesvoorbeelde word bepaalde vaardighede wat aan die orde gestel is, eweneens nie na behore verwerklik nie. Mens sou graag wou sien dat die aspekte wel in die aktualiserings- of funksionaliseringsfase getoets word, maar helaas, dit geskied nie.

Ten opsigte van die lesvoorbeelde self is daar bepaalde tekortkominge: lesse kan maklik tot resepmatighede afgeskraal word; die lesse kan voorts tot 'n blote feitebenadering uitgedun word sonder dat die diepgaande belewing van die inhoud tot sy reg kom. Dit is veral die geval waar dit die st. 2-benadering aanbetref. Juis ten opsigte van dié standerd is daar ernstige leemtes: die ophelderende, meesleurende, verbeeldingryke, lewendige en informatiewe **verteltrant** kry nie genoegsame aandag nie. Veel eerder word die inhoud tot leerinhoud in plaas van inhoud tot belewingsinhoud beklemtoon.

**Verlede-hede-kontrasterings** word nie genoegsaam geëksploiteer nie. Dit is 'n aspek dié wat tot besondere begrip en **historiese denke,** wat deur die skrywers as 'n vaardigheid gesuggereer word, kan lei.

Is die leemtes miskien die gevolg daarvan dat die metodes wat wel onder bespreking geneem word, nl. die vertelmetode, die vraag-en-antwoordmetode en die handboekmetode, as die enigste metodes in die Geskiedenisonderrig voorgehou word?

Die hoofstuk waar die nuwe benadering in die Geskiedenisonderrig die doeltreffendste na vore kan kom, nl. dié aangaande meting, toetsing en evaluering, stel teleur. Dit is veral so omdat die skrywers gewag maak van 'n belangrike saak, nl. "dat toetsing en meting dus nie slegs bestaan uit die stel van 'n klompie geheuevrae" nie. (p.161). Ongelukkig is die meerderheid van die vrae juis gemik op reproduksie van kennis. Van kreatiewe eksamens is daar weinig sprake.

Van **toepassing** en **denke** soos wat die skrywers beoog het, kom min tereg. Aan die ander kant moet krediet gegee word vir daardie afdelings wat evalueringstegnieke soos rangskikking insluit.

In alle billikheid moet tot die krediet van die werk die volgende genoem word: die riglyne ten opsigte van die jaarskema en die werkskema is deeglik gedoen; die afdeling oor kaartwerk verdien lof; so ook die gedeelte oor die saak van transparante. Die administratiewe gedeelte oor die vakbeleid is ook 'n nuttige pluspunt. Hoewel die funksionaliseringsoefeninge in die lesvoorbeelde nie variasie bied nie, is die oefeninge wat wel elders aan die hand gedoen word, navolgingswaardig.

**Vakdidaktiek: Geskiedenis in die Primêre Skool** voorsien nog nie die antwoord op die eise van die vernuwing in die Geskiedenisonderrig op primêreskoolvlak nie. Die werk wat die verbeelding en skeppende vermoë van die dosent, die onderwyser, die student en die leerling moet aangryp, moet nog geskryf word.

*J M L Horn (GOK)*

*AT VAN WYK: Die Keeromstraat-Kliek. Die Burger en die politiek van koalisie en samesmelting, 1932-1934. Tafelberg, Kaapstad, 1983. R20,00*

Dit gebeur hedendaags min dat geskiedeniswerke in Afrikaans vir bekroning in aanmerking kom. Die feit dat DIE KEEROMSTRAAT-KLIEK binne maande na sy verskyning met die Recht Malan-prys bekroon is, is dus 'n belangwekkende gebeurtenis. Die feit dat die boek deel vorm van die opdragnavorsing van Nasionale Pers en met 'n Nasionale Pers-prys bekroon word, toon watter stimulant privaatopdragte en bekronings vir navorsing kan wees. Die aandag wat die verskyning van dié werk in die openbare pers geniet het, is nog 'n illustrasie van die feit dat aktuele temas wel deeglike openbare belangstelling in die geskiedenis demonstreer. Die tydstip waarop die boek verskyn het, was ook ideaal om openbare belangstelling gaande te maak.

Dit handel immers oor die tydperk van koalisie, skeuring, verdeeldheid en twis in Afrikanergeledere en is daarom in die kol. In 1932-34 het die Nasionale Party oor koalisie geskeur en was dit die Gesuiwerdes van dr. D.F. Malan wat onder die kwaai en bitsige veroordelinge van die Hertzog en Sap pers moes deurloop.

Vir enige belangstellende wat in die huidige tydperk van skeuring en verdeeldheid leef, moet die versoeking om parallelle te trek dus baie groot wees. Van Wyk kon dié versoeking ook nie weerstaan nie en in die slot agt bladsye onder die opskrif Gister en Vandag wys hy op belangrike ooreenkomste tussen 1932-1934 en 1982-1984. Puriteine sou beswaar hê dat 'n historikus hom op hierdie wyse buite die veilige vesting van historiese beoordeling, vertolking en beskrywing waag. Ek vind dit egter 'n betekenisvolle bydrae om juis die aktualiteit van die geskiedenis by lesers tuis te bring. Van Wyk se ooreenkomste is betekenisvol en versigtig gekies. Hy sou dalk minder versigtig of meer waaghalsig kon gewees het en ook op 'n ander ooreenkoms kon gewys het: die Gesuiwerdes se oortuiging dat Hertzog se bedeling nie kon werk nie en dat hulle net moes wag vir die krisispunt waar dié bedeling voor 'n basiese beslissing te staan sou kom. Daar is ook belangrike verskille wat begryp moet